

Gasvryheids- bediening

Koffie/tee
na die
erediens in
Kosmos. Jy is
genooi! Dankie
aan Elisma
Lotz en span.

BORG van die maand



Groep vir
jong
volwassenes
(18-35 jaar)
Handri Kuun
071 056 6890

Gebedsonderwerpe

- Dienende Hande wat onvermoeid van een projek na die volgende voortgaan. Dank die Here vir hulle gewilligheid, geesdrif en goeie gesindheid.
- Helderberg Uitreik: Amanda Ferreira en haar projekspan by die Pêrelprojek in Croydon. Bid vir elke lid van die gemeenskap, volwassenes en kinders, na wie hulle uitreik. Bid dat hulle werk 'n blywende verskil in lewens sal maak.
- Bid vir die voorsitter en al die lede van die Verkiesingskommissie. Bid dat hulle die verkiesingsbeplanning met onafhanklikheid en verantwoordelikheid sal doen.
- Christene in Iran wat buiten die oorlogsontwrigting ook vervolging ervaar. Bid dat hulle baie bewus sal wees van God se sorg en nabyheid. Bid vir hulle veiligheid. Epos: hannetjiegiericke@gmail.com

AUG se deurkollekties

02 Aug: Gemeentebediening – R1 793
09 Aug: Projekte 2026 – R1 466
16 Aug: Jeugbediening
23 Aug: Christelike Afhanklikheidsdiens
30 Aug: Sinode: Nuwe geloofsgemeenskap

Bybelstudie Stormhaven

Don, 27 Aug
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:


1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:




Snap here to pay



3. Kontantbetalings & koeverte:

Kontantbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofferkoeverte kan ook
in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba
om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

16 Augustus 2026

Voorbidding

- Muggie Rossouw, hosietaal.
- Jurie Groenewald, galstene en galblaasverwydering.
- Hester de Klerk, herstel na knie-vervanging.
- Francine v Zyl, behandeling.
- Corrie Swanepoel, herstel na hospitalisasie.
- Marcel Malan, ondersteunende versorging, Bridgewater.
- Willie vd Merwe, ondersteunende versorging.
- Jeanette Snyman, behandeling.
- Obie van Niekerk, behandeling.
- Chelly vd Merwe, broos.
- Kobus Grobbelaar, broos.
- Freek Kriel, broos.
- Gerda Oosthuizen, broos.
- Dawie Rossouw, remissie.

Nagmaal 09:30

Goeiemôre en baie welkom by vanoggend se erediens. Vanoggend se Skriflesing is uit **2 Korintiërs 2:12-17**, met die tema: **"Ek het 'n storie om te vertel... en dit is 'n storie van kleure en geure."**

Vanoggend vier ons Nagmaal. Wat 'n besondere voorreg om die brood te kan proe en die geur en warmte van die wyn te kan ervaar. Deur hierdie sakrament word ons opnuut bewus gemaak van die Here se teenwoordigheid en word ons herinner aan die redding van Jesus Christus.

Die wêreld het deur die sonde in 'n donkerte ingegaan, maar deur Jesus se lewe, sterwe en opstanding is daar weer **kleur van lewe en hoop**.

Mag ons vanoggend, wanneer ons die brood eet en vanuit die beker drink, nie net onthou wat Christus vir ons gedoen het nie, maar ook opnuut bewus word van sy teenwoordigheid by ons.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by

<https://ngkerksomersetwes.co.za/>

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks

19/08: 10:00 in Patmos

Aande: weekliks

19/08: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

19 Aug om 09:00 in die
konferensiekamer.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Tee en inligtingssessie vir nuwe intrekke

Alle nuwe intrekke word hartlik genooi om direk na die ere diens te kom tee drink in Patmos, syvertrek in die kerksaal. Lekker melktert sal saam met die tee bedien word, terwyl ds Willem 'n vinnige oorsig oor die gemeente se aksies en bedrywighede sal gee. Kom maak gerus 'n draai. Alle nuwe intrekke wat nog nie so 'n geleentheid bygewoon het nie, is genooi.

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Volgende geleentheid: 21 Aug 2026

in die konferensiekamer *

Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Helderberg Uitrek: Uyavula leesprojek

Dis drie dae voordat die Desember skoolvakansie begin. Dis maklik om die tenger seuntjie, duidelik 'n gr R'tjie, raak te sien. Hy pyl op my af: "Tannie, Tannie kom Tannie nou vir ons lees?" "Nee, ongelukkig nie, ek het 'n afspraak met juf Kokaan". "Julle het mos 'n tannie gehad wat stories vir julle gelees het né?" "Ja, ja".

"Hoe was dit?" Glimlaggend: "Nice, dis lekka". "Hoe het jy gevoel as sy lees?" Die handjie kap op sy linkerbors "Lekka, my hart het warm en so vinnig geklop".

Dankie aan ons kosbare lesers; dis mense wat lief is vir kinders en wie se dade vir kinders sê: Julle is so belangrik dat ek tyd maak vir julle. Ook dankie vir Helderberg Uitrek en baie ander mense se hulp en ondersteuning waarsonder ons nie kan nie.

Jy kan Uyavula help deur:

- o Voorlees vir een kind - een keer per week (30 minute).
- o Voorlees vir 'n graad 1 tot 3 klas - een keer per week (25 minute).
- o Donasies vir nuwe kinderboeke - die lesers se "gereedskap".
- o Opgepaste, gebruikte boeke vir kinders 4 tot 14 jaar te gee.

Afrikaans en Engels - insluitend nie-fiksie.

Kontak gerus vir Amanda de Villiers, 082 326 1396; manda.devilliers@gmail.com

Projekleier: Hannetjie Gericke, 082778 1510 hannetjiegericke@gmail.com

FB-blad: The Uyavula Reading and Writing Projek. Instagram: [uyavula_reading_project](https://www.instagram.com/uyavula_reading_project)

Bankbesonderhede: Helderberg Uitrek, ABSA, Rek: 9114 483 080,

Takkode: 632005, Verwysing: Uyavula Leesprojek

Ons nooi graag alle breiers in ons gemeente om **WOL** by die kerkkantoor te kom haal.

Ons het heelwat "double knit" wol ontvang, wat deur Helderberg Hospitaal en Seniorsorg se projekte aangekoop is, met die doel om breiwerk vir die projekte te gee.

Die behoefte bly groot vir musse, truie, serpe en bedsokkies, maar veral ook vir komberse. Riglyn: 1.6x1.2m. Julle kan ook blokkies brei wat dan aanmekaar gewerk kan word vir komberse. Kom ons ondersteun die projekte. Die winter is nog nie verby nie en daar is iemand daar buite wat jou warm winter omgee baie sal waardeer.

Kategese: 16 Aug 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: Tydens die ere diens in die ou moederskamer in die kerk.

Groei-goggas: Die Bybel is soos 'n skatkis

Daar is nog hier en daar 'n mooi houtkis in iemand se huis. Ek weet, want ons het een. Dit kom van my vrou, Tania, se ouma af. Dit was 'n Trousseau kis waarin wonderlike linne en ander mooi items bymekaar gemaak was as 'n trou-skat. Vir haar is dit waardevol, 'n regte skatkis vol wonderlike items vir haar lewe eendag wanneer sy getroud is. Dan is daar 'n ander Skatkis in ons huise, naamlik die Bybel, wat ook vol wonderlike items is vir elkeen wat dit oopmaak en daarin lees. Sondag praat ons oor die Skatkis wat ons lewe verander.

Ps 119:72 "U Wet is vir my kosbaarder as 'n oorvloed van goud en silwer."

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Tydens die ere diens in die kerksaal.

My blink ID: My vriende se lawwe IDEES

Vriende oefen altyd druk op jou uit. Punt. Ons beïnvloed mekaar en dit is juis hoekom ons vriende bly. Ek het 'n vriendskap met iemand gehad wat graag padwedlope gehardloop het en nie lank nadat ek vir Ben leer ken het nie, het ek my eerste 5 km gehardloop. Absolute lawwe idee! Ek kon die volgende dag byna nie loop nie. Sy lawwe hardloop-idee het my bly beïndruk totdat ek selfs 'n marathon kon hardloop. Maats se lawwe idees kan jou afbreek, maar 'n goeie vriend se indruk op jou kan die vorm van jou lewe wonderlik verander. Ons praat oor jou vriende se lawwe IDEES en watter indruk dit op jou ID maak.

Ps 27:17 "Yster slyp yster en vriende vorm mekaar".

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 - 12

Die senior katkisanter kom elke Sondag na die ere diens in die konferensiekamer, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke - sien kerkkalender in dié verband.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)



Helderberg Uitreik Jaarverslag

Helderberg Uitreik se Jaarverslag vir 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026 is beskikbaar. Dit is 'n *"lekker, moet-lees-verslag"* wat al die projekte se werksaamhede met hul hoogtepunte vir die jaar, mooi uiteensit. Ons het slegs beperkte gedrukte kopieë beskikbaar in die kerkkantoor, maar die skakel na Helderberg Uitreik se Jaarverslag sal ook op ons gemeente se webblad beskikbaar wees.

<https://media.malherbes.co/m/helderberg-uitreik-jaarverslag-20252026-20252026>

Onthou: Helderberg Uitreik is 'n vennootskap tussen Helderberg gemeente en ons gemeente. Dit is ook vir ons lekker om te laat weet dat Ds Melanie Smit, Helderberg Uitreik se bestuurder, op Donderdae van 09:00 – 13:00 in die konferensiekamer werksaam sal wees. Kom loer gerus in en maak gebruik van die geleentheid om enige vrae rakende Helderberg Uitreik se projekte, met Melanie te bespreek.



Helderberg Uitreik: Truth2kids

Op Donderdag 20 Aug
9:00-11:30

bied Truth2kids

'n MAMMA OGGEND aan in
die Joppe saal by
Helderberg Gemeente.

Mammas (en natuurlik ook
oumas, pappas of oupas)
word genooi om lekker te
kom saam kuier en praktiese
vaardighede te leer oor hoe
om die Evangelie met jou eie
kind te deel en hul te help om
geestelik te groei.

Kontak gerus vir

Lise Tredoux by 071 418 0076

om jou plek te bespreek.

Koste is R50 p.p. wat
verversings insluit.

BASAAR 2026 SAMEROEPERS

Tafels/produkte	Naam	Kontaknommer
Hamburgers & chips	Johan & Christine v N	082 442 9622
	Jan & Madeleine le R	082 511 8316
Snoek & patats	Hennie & Lydia Gerber	082 470 5989
Boereworsrolle+ wors, pap & sous	Bennie & Rona van Zyl	082 4666 558
Kerrie & Rys	Annet Bezuidenhout	082 263 5729
	Josephine dL d Bouter	082 830 5337
Jaffles	Gerrit van Zyl	071 604 3513
Pannekoek	Tersia Baard	078 324 4692
Ontbytrolle	Herman & Liesle Jv R	083 272 1745
Poeding	Letteli Nel	083 350 8673
Gebak (koeke, terte, beskuit)	Hanlie Neethling	072 433 7243
Kleinkoekies	Cecile vd Poel	073 173 1134
Spookasem	Donna-Marie Oost	079 382 7555
Fudge	Hannetjie Ferreira	083 742 3478
Lekkers	Jan Mynhardt	084 516 9470
Gemmerbier	Tanja Mynhardt	084 614 9057
Teekamer	Suzette Posthumus	061 262 8298
Cappuccino	Tanya Pretorius	072 755 5327
Allerlei	Regina Swanevelder	082 425 8384
Tweedehandse Boeke	Amanda Marais	083 5616 980
Spitbraai: Gemeente-ete	Piet Neethling	082 443 2088
Sondag 25 Okt 2026		

Die kerkraad het goedkeuring verleen dat ons vir Eendekuil gemeente ondersteun. Hierdie ondersteuning sal die vorm van **vleisbestellings** aanneem. Barthlo van Laguna Slaghuis verteenwoordig NGK Eendekuil gemeente en daar is soos volg ooreengekom:

Gaan so te werk: Voltooi die bestelvorm en stuur dit direk per epos na: orders@lagunaslaghuis.co.za. Die slaghuis stuur dan vir jou 'n faktuur met Laguna Slaghuis se bankbesonderhede vir betaling (Laguna Slaghuis doen die finale oorbetalings na NGK Eendekuil). Die slaghuis werk met gewig (kg) en sal so na as moontlik aan die gewig (kg) wat bestel is lewer, en sodoende die finale totale bedrag betaalbaar op die faktuur aandui.

L.W.: Pryse op die pryslys is per kg gelys en sluit BTW in.

Sperdatum vir bestellings: 3 September 2026.

Vir enige navrae, kontak Elana by 063 635 8992.

Aflewering van bestellings: Saterdag, 5 September 2026 op die kerkterrein.





**LAGUNA
SLAGHUIS**
SINCE 2016



Prices are subject to change

PRICE / KG	
Beef mince 500g	R 110
Beef mince 1kg	R 110
Boerewors 500g	R 120
Ouma's Boerewors	R 115
Kaaswors 500g	R 120
Lam Heel verpak	R 145
Lam Half verpak	R 145
Beef droewors 500g	R 320
Beef biltong 500g	R 350
Beef Sirloin steak	R 190
Beef Rump steak	R 185
Beef T-bone	R 199
Pork loin chops	R 105
Pork Rashers spiced	R 130
Lamb offal-full set	R 130
Lamb skilpadjies minced	R 130

PRICE / UNIT	
Curry lamb pie 120g	R 46
Lamb pie 120g	R 46
Pepper steak pie 120g	R 40
Chicken pie 120g	R 40
Bobotie pie 120g	R 35

ALL PRICES INCLUDE VAT

LAGUNA SLAGHUIS Naam:		
BESTELVORM	Kontaknr:	
NAVRAE:	063 635 8992	
DESCRIPTION	PRICE R/KG INCL.	QTY /KG
Beef mince 500g	R 110.00	
Beef mince 1kg	R 110.00	
Boerewors 500g	R 120.00	
Ouma's Boerewors 500g	R 115.00	
Kaaswors 500g	R 120.00	
Lam Heel verpak	R 145.00	
Lam Half verpak	R 145.00	
Beef droewors 500g	R 320.00	
Beef biltong 500g	R 350.00	
Beef Sirloin steak	R 190.00	
Beef Rump steak	R 185.00	
Beef T-bone	R 199.00	
Pork loin chops	R 105.00	
Pork Rashers spiced	R 130.00	
Lamb offal-full set	R 130.00	
Lamb skilpadjies minced	R 130.00	
DESCRIPTION	PRICE R/UNIT INCL.	QTY /UNIT
Curry lamb pie 120g	R 46.00	
Lamb pie 120g	R 46.00	
Pepper steak pie 120g	R 40.00	
Chicken pie 120g	R 40.00	
Bobotie pie 120g	R 35.00	
Stuur voltooië bestelvorm na: orders@lagunaslaghuis.co.za		
Sperdatum vir bestellings: 3 September 2026		



* BASAAR 2026 *

Alle belanghebbendes word herinner aan die tweede basaarvergadering wat sal plaasvind op Dinsdag, 18 Augustus om 18:15 in Patmos om die finale reëlins tov die basaar te bespreek.

Onthou om **groen en goud** te dra op 5 September, ter ondersteuning van die Springbokke wat om 17:00 teen die All Blacks in Johannesburg uitdraf. Die basaar open om **09:00**, maar die ontbytrolle en cappuccino's sal reeds vanaf **08:00** te koop aangebied word. Hierdie is een van ons gemeente se grootste fondsinsamelingsprojekte en ons het jou **ondersteuning** baie nodig.

Kom kies, koop en kuier lekker by die basaar!!

BASAARLYSTE

Basaarlyste is reeds per epos aan omgeewerke versprei word. Ons wil ons omgeewerke/dienswerke van harte bedank dat hulle gemeentede in hulle wyke sal besoek/kontak met die basaarlyste. Ons is baie afhanklik van die **finansiële bydraes** wat ons elke jaar op die basaarlyste ontvang en wil by voorbaat baie dankie sê vir elke bydrae.

BETAALMETODES vir bydraes op basaarlys

1. Elektronies:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: BASAAR

2. Kontant:

Kontant inbetaal by die kerkkantoor (kwitansie)
Kontant vir omgeewerke (parafeer op basaarlys – kwitansie by kerkkantoor)

3. **Snapsan (QR-kode verskyn op basaarlys en afkondigings)**
NGK Somerset-Wes, Verwysing: BASAAR

GEBAK

Dit sal wonderlik wees as gemeentede die "gebak" tafel kan ondersteun met **koeke, terte en beskuit**. Kontak asb. vir Hanlie by 072 433 7243 as jy hiermee kan help.

ALLERLEI & BOEKE

Ons benodig allerlei **goedere** en **boeke** wat nog in goeie en bruikbare toestand is en waarvoor jy dalk nie meer nut het nie. Gee asb. by die kerkkantoor af voor of op **1 Sep.**

SPITBRAAI

Sal op Sondag 25/10 as **Sondagmiddagete** aangebied word. Meer inligting volg later.

SAMEROEPERS

Raak asb. betrokke, bied jou hulp aan en meld aan. Die sameroepers het jou hulp nodig. Jy kan somer direk met die sameroeper skakel, waar jy behulpsaam wil wees. Die sameroepers se name met kontakbesonderhede is gelys.

Helderberg Uitreik: Musica Dei

Musica Dei presents

CLASSICAL SOUNDS

ORGAN & SAXOPHONE music for a Sunday afternoon, performed by **David Orr** (organ) and **Nicky Jansen** (saxophone).

SUNDAY, 23 AUGUST 2026

15:00

HELDERBERG DUTCH REFORMED CHURCH

82 FIRMOUNT STREET, SOMERSET WEST

ENTRANCE FREE – DONATIONS WELCOME

For more information, visit
facebook.com/classicalsounds
or email Yolanda Botha at
helderbergconcerts@gmail.com

Helderberg Uitreik: Sentrum van Hoop (Ou Perelprojek)



Dankie
vir die geleentheid
dat ons
Sentrum van Hoop
se storie
kon deel

WAT ONS BENODIG:



Breekgoed



Linne



Speelgoed



Klere



Boeke

Alle items in goeie netjiese toestand asb
Boksies beskikbaar

KAN OOK AFGELAAI WORD BY
NG Helderberg –
merk Sentrum v Hoop/ Rabbit Hole



Kontak Amanda 079 516 7616
of Jo Anne 083 357 9665 – meer info



**Boksies om bogenomede items in te pak, is by
Liesle in die kerkkantoor beskikbaar.**

BE THE ONE
Donate blood



Donate blood

Venue: DR Church Hall
Andries Pretorius Street

Date: 3,17 & 31 August 2026.
Time : 14:00 - 19:00.

Introduce a friend to #BloodDonation.

BLOOD DONOR CRITERIA:
Be 16-75 years old. Weigh 50kg+. Be in good health.
Lead a sexually safe lifestyle.

 Follow us on WhatsApp
www.wcbs.org.za

 Western Cape Blood Service
Do something remarkable

Hiermee word kennis gegee van die **Algemene Jaarvergadering van Disakloof Jeugmaatskappy** wat gehou sal word op **Saterdag, 29 Augustus** te **Disakloof kampterrein**, Clarence Drive, **Bettiesbaai** om **10:00**.

Ons gemeente is lid van Disakloof Jeugmaatskappy en Ds Werner Schultz is afgevaardig om ons gemeente te verteenwoordig, maar enige gemeentelid is ook welkom om die vergadering by te woon.

Vir navrae kontak:
Yolandi de Leeuw den Bouter
NGK Hottentots-Holland
021 852 5004 /
bookings@disakloof.co.za

GriefShare®

Grief Support Group

Help and encouragement after the death of a loved one

A GriefShare support group is a safe, welcoming place where people understand the difficult emotions of grief. At this 13-week group, you'll receive valuable guidance and tips, leading you to relief, comfort, and peace of mind.

Contact
Annette @ 072 1899 360

We meet at
NG Helderberg Church
82 Firmount Road
Somerset West

Thursdays from 18:00 - 20:00
20 August - 19 November 2026

griefshare.org

**Helderberg
Uitreik
HARMONY**

se
Griefshare
en
**Divorce
Care**
kursusse
begin

**20
Augustus.**

Kontak:
Annette
Botha
072 1899 360

E-pos:
annettebotha2019@gmail.com

NG GEMEENTE DIE STRAND
★ WORD 114 JAAR OUD! ★

Verjaarsdag

MARK

22 AUGUSTUS

 **DEURE MAAK 09:00**
= OOP =

 **WIT OLIFANTE EN KLEREBOETIEK OOP VANAF 07:00**

 **KOM VIER SAAM MET ONS!**

 **42 BIRKENHEAD, STRAND** | Kom ondersteun ons en wees deel van die fees! ♥

DIVORCED? SEPARATED? WE CAN HELP

DivorceCare is a weekly seminar/support group that will help you heal from the hurt. It's a warm, caring environment led by people who understand what you are going through. Gain hope for your future!

Contact us today for more information
Leandra - 084 443 4343

We meet at
NG Helderberg Church
82 Firmount Road
Somerset West

20 August - 19 November 2026

Find Help • Discover Hope
Experience Healing

DIVORCE Care®